**SKRIFLESING: Romeine 9 vers 30 – 10 vers 13**
**TEMA: Christus: fondament of struikelblok?**

In Romeine 9 vers 32b-33a staan daar: "Hulle het oor die struikelblok gestruikel waarvan daar geskrywe staan: "Kyk, Ek sit in Sion 'n klip neer waaroor 'n mens struikel, 'n rots waarteen jy jou stamp,". In 1 Korintiërs 3 vers 11 lees ons: "want niemand kan 'n ander fondament lê as wat reeds gelê is nie. Die fondament is Jesus Christus." Is Jesus Christus fondament of struikelblok in jou lewe?

'n Struikelblok is iets waaroor jy val. Hoe kan Jesus 'n struikelblok wees?

Vir die Jode was Jesus 'n struikelblok. Dit was hulle eie skuld dat hulle nie vryspraak kon ontvang nie. Hulle het hulle nie gesteur aan die manier waarop God mense vryspreek nie. Hulle het nie geglo dat Jesus die Seun van God is deur Wie hulle vryspraak kry nie. Baie van hulle glo steeds nie. Hulle wou as Verlosser 'n leeu hê en nie 'n lam nie, 'n heerser en nie 'n dienskneg nie. Christus en geloof in Jesus Christus alleen was nie vir hulle genoeg nie.

Hulle wou op hulle eie manier vryspraak probeer verdien deur die wet te onderhou. Hulle het gedink dat God hul dan moes beloon vir hulle goeie dade. Ons lees daarvan in Romeine 9 vers 32: "Waarom kon hulle nie die vryspraak kry nie? Omdat hulle nie op die geloof wou bou nie, maar op hulle eie prestasies."

Dit is hartseer wat Paulus van hulle skryf in Romeine 10 vers 1-4 (Boodskap): "[1]My broers en susters, ek het een groot wens: dat God Israel sal verlos. Dag en nag bid ek dat dit sal gebeur. [2]Ek moet erken: die Israeliete is baie toegewyd in hulle godsdiens. Maar op die ou end help dit hulle niks nie. Want hulle het verskriklik baie ywer, maar hulle sit gestrand sonder die regte kennis van God. [3]Hulle het God se manier van vryspraak verwerp en toe probeer om deur al die goeie dinge wat hulle doen self hulle verhouding met God in orde te kry. Maar dit werk nie so nie. Omdat hulle hulle nie aan God se plan van verlossing onderwerp het nie, het hulle Sy vryspraak misgeloop. [4]Sonder Christus help dit niks dat mense die wet probeer hou nie. Hy gee betekenis en inhoud aan alles wat die wet sê. Elkeen wat in Hom glo, word deur God vrygespreek sonder dat hulle dit verdien."

Voordat God sy lewe radikaal omgekeer het, was Paulus ook toegewyd aan hierdie godsdiens. Van homself skryf hy in Fiippense 3 vers 4-7: "[4]Tog sou ek ook op uiterlike dinge kon vertrou. As iemand meen dat hy op uiterlike dinge kan vertrou, ek nog meer: [5]ek is op die agste dag besny, van geboorte 'n Israeliet, uit die stam Benjamin, 'n egte Hebreër, in wetsopvatting was ek 'n Fariseër, [6]in my ywer 'n vervolger van die kerk, in onderhouding van die wet van Moses om vryspraak te kry, onberispelik. [7]Maar wat eers vir my 'n bate was, beskou ek nou as waardeloos ter wille van Christus,"

Dit was nie net die Jode vir wie Christus 'n struikelblok was nie. Ons vier hierdie jaar 500 jaar van reformasie. Vir die Rooms Katolieke kerk was Christus ook 'n struikelblok. Hulle het geleer dat mense hulle vryspraak op hul eie manier moes verdien. Die kerk het die aflaatstelsel ingestel waarvolgens jy jou sondes bely teenoor 'n priester en dan 'n voorgeskrewe bedrag betaal om dit af te betaal. Daarby was daar 'n aantal sakramente

wat jy moes onderhou. Heiliges, in besonder moeder Maria, is aanbid. Jy moes die trappe van die kerk op jou knieë biddend uitkruip om jou eie vryspraak te verwerf.

Kan Jesus vir ons vandag steeds so 'n struikelblok wees? Dit gebeur dalk nie so maklik soos vir die Jode of Rooms Katolieke nie, maar ons kan steeds struikel deur te glo dat Christus en geloof in Christus alleen nie genoeg is vir vryspraak nie. Vir vryspraak kan ons verkeerdelik glo dat Christus en nog iets nodig is: Christus en lidmaatskap of erediensbywoning of sakramente of diensbaarheid of die gee van 'n dankoffer. So probeer ons self iets verdien. Hierdie dinge is nie verkeerd nie, maar redding kom uit genade deur geloof in Jesus Christus alleen. Christus kom voor al hierdie dinge. Ons doen nie hierdie goed om verlos te word nie, maar uit dankbaarheid, omdat ons deur Hom verlos is.

Ons kan nie God se guns wen deur 'n goeie lewe te probeer lei nie.Ons kan dit nie met geld koop of met moeite verdien nie. Ons beste pogings sal nooit goed genoeg wees nie. Nee, plaas jou vertroue in Jesus Christus. Ons kry vryspraak deur in Hom te glo. In Romeine 9 vers 30 lees ons dat heidene vryspraak gekry het deur geloof. In Romeine 10 vers 4 lees ons: "Christus is tog die einde van die wet, sodat elkeen wat glo, vrygespreek kan word." In Romeine 10 vers 9 staan daar duidelik: "[9]As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word."

Jy hoef God nie deur een of ander dramatiese ervaring, op 'n spesifieke plek of deur 'n beroemde geestelike leier te ontmoet nie. Bou in geloof op Hom as fondament. Geloof is 'n hart wat glo dat die opgestane Jesus ons Verlosser is. So word ons vrygespreek. Dit is 'n mond wat bely: "Jesus is die Here" en 'n lewe wat uitroep: "Here, help my! So word ons almal gered.

Romeine 10 vers 11 - 13 bevestig dit: [11]Die Skrif sê tog: "Niemand wat in Hom glo, sal teleurgestel word nie." [12]"Niemand nie!" Dit maak dus geen verskil of 'n mens 'n Jood of 'n Griek is nie, want dieselfde Here is Here van almal, en Hy seën almal wat Hom aanroep, ryklik, [13]want elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word."
**Amen**